

19 Oktober

Skrifgedeelte: Filippense 1:3-11
Fokusgedeelte: Filippense 1:9, 10

Gebed, onmisbaar in getuies se lewe

Hierdie intieme brief aan die eerste gemeente in Europa (Hand. 16) skryf Paulus terwyl hy in lewensgevaar in Rome se tronk is. Dankbaar dat hulle onder andere spesiaal vir Epafroditus gestuur het om hom te bemoedig en geld gestuur het, bid hy dat die “goeie werk” wat God in hulle begin het, sal voortgaan tot die dag van Jesus se wederkoms.

Die voorbidding laat blyk dat daar probleme in die gemeente is (1:9, 10). Dit is opvallend dat Paulus vir hierdie mooi gemeente bid. Hy bid vir groei tot ’n dieper en meer gevorderde kennis van God se wil, asook dat hulle onderskeidingsvermoë, oordeelkundige waarneming en insig sal toeneem. Die vorm van die woord vir “bid” wat Paulus hier gebruik, dui aan dat hy gereeld en aanhoudend vir hulle hieroor bid.

Die remmende faktore wat die “goeie werk” teenwerk, is onder andere selfsug, ydelheid, eiebelang en onderlinge verdeeldheid (2:3, 4). Daar is ook die bedreiging van verkeerde opvattinge en teenstanders van die evangelie (1:28; 3:2, 3, 18, 19).

Hy bid vir die verfynde vrugte van die liefde. In kennis en fyn aanvoeling word liefde ryp (1:9b). So leer mens om goed te onderskei. Dit bevorder die heiligmaking van die gelowige vir die dag van die wederkoms (1:10).

Hoewel daar reeds liefde in die gemeente is, bid hy dat die liefde en goeie werke nog méér oorfloedig sal word. Daar is nie ’n volmaakte gemeente nie. Gelowiges moet eensgesind volhard om God se wil in liefde te soek. Die blydskap in Christus dwing mens om te konsentreer op dit wat wesenlike waarde het. Teenoor eersug en selfgerigte motiewe is dit die genadewerk van God in die lewe van mense wat ’n verskil maak. Die dinge wat regtig saak maak, wat suiwer en rein is, moet nagejaag word, met die oog op die wederkoms.

Daardie dag, wanneer die finale oordeel plaasvind, sal die grootste toets wees vir dit wat heilig, rein en mooi is in die lewe. Dit sal ook die dag wees waarop gelowiges in volmaakte harmonie God sal verheerlik.

Sing: Skrifberyming 2-4 (33):1, 3

Ds. HW Schutte (Noord-Oosrand)